


**Dit is Nie Onbevoegdheid Nie**

Aanslag op Amerika (Hoofstuk Nege)

- Gerald Flurry
- 2026-07-29

*Vervolg vanaf "Gesteelde Verkiesing, Valse Oproer"*

Gedurende die eerste jaar van sy valse presidentskap, in 2021, het Joe Biden aangekondig dat Amerika sy oorlog in Afghanistan onvoorwaardelik en ten alle koste sal beëindig.

Ons nasie het byna 2 500 troepe verloor en elke dag vir 7 267 dae $275 miljoen per dag spandeer aan die oorlog in Afghanistan—meer as $2 triljoen in 20 jaar. Tog is ons soldate met absurde haas ontruim net om daardie nasie aan barbare oor te laat. Die magtige Amerikaanse weermag het eenvoudig aan die Taliban *oorgegee.*

Dit was 'n veragtelike, skandelike oneer vir Amerika—die ergste buitelandse beleidsramp in die nasie se geskiedenis.Hierdie verskriklike skouspelagtige nederlaag was deur die hele wêreld gesien—en hulle het aandagtig toegekyk! Dit sal in alle ewigheid ons geskiedenis skend.

Die Taliban, 'n primitiewe organisasie van ongeveer 75 000 vegters, het Amerika—die oorweldigend magtigste nasie in die geskiedenis—gedreig dat as hulle nie heeltemal teen die einde van Augustus 2021 ontruim het nie, hulle die gevolge sou ondervind. Menigte ander nasies met mense in Afghanistan het by Joe Biden gepleit om te bly en almal uit te kry, maak nie saak hoe lank dit sou neem nie. Biden het geweier. *Hy het sy bevele van die Taliban gehoorsaam!*

Joe Biden is opperbevelvoerder van die mees militêr gesofistikeerde nasie in wêreldgeskiedenis. Hy kon daardie mag gebruik het om die Taliban en elke ander terreurgroep uit Kaboel te verdryf vir so lank as wat hy wou!

Maar hy het nie. In plaas daarvan het hy die Taliban *gesmeek* om ons mense uit te laat. Hy het hulle gehoorsaam—al het dit tot gevolg gehad dat hy Amerikaanse burgers daar agtergelaat het, Amerika in 'n nederlaag gelei het en op die koop toe ons land se bondgenote woedend gemaak en van ons vervreem het.

Met sy haastige onttrekking het die Biden-administrasie 20 jaar se opofferings in Afghanistan in blote dae katastrofies verkwis. Dit het die uiters ekstremistiese groep wat ons ingegaan het om te vernietig, toegelaat om om beheer te herwin en 'n radikale Islamitiese staat te laat herleef. Voor die ontruiming het hulle 'n massiewe lugbasis verlaat wat 'n ontruiming baie makliker en veiliger sou gemaak het. Die Biden-administrasie het 5 000 terroriste in hulle tronk agtergelaat wat die Taliban kon bevry. Hulle het honderde Amerikaners agtergelaat en duisende Afghaanse bondgenote in die steek gelaat. Dit het 'n onmiskenbare boodskap aan beide bondgenote en vyande wêreldwyd gestuur: *Amerika kom nie sy beloftes na nie. Ons kom nie verpligtinge na nie. Ons kan nie eers vertrou word om ons eie mense te beskerm nie!*

Die lewe in Afghanistan het vinnig teruggekeer na die nagmerrieagtige Taliban-bewind: mense wat vervolg en vermoor word; meisies van 15 en selfs jonger word aangekeer en as "vroue" aan Taliban-vegters gegee; vroue wat in die openbaar tereggestel word omdat hulle versuim het om 'n boerka te dra; kinders en vroue wat mishandel, verkrag en vermoor word.

Gewoonlik wanneer Amerika uit 'n oorlogsone terugtrek en hulle enige krygstoerusting moet agterlaat, vernietig dit hulle sodat hulle nie in vyandelike hande sal val nie. Die Biden-administrasie het die teenoorgestelde gedoen. Dit het 'n verbysterende $85 miljard Amerikaanse militêre toerusting aan hierdie ekstremistiese groep gegee—insluitend daardie massiewe lugbasis, 2 000 gepantserde voertuie, 45 Black Hawk-helikopters, 208 vliegtuie in totaal, 10 000 lug-tot-grond missiele, meer as 2 500 bomme en miljoene Amerikaanse dollars in kontant. Victor Davis Hanson het opgemerk dat die nagsig toerusting, meer as 20 000 granate en 1 400 granaatwerpers, meer as 7 000 masjiengewere en 600 000 klein kaliber wapens en miljoene rondtes ammunisie "die perfekte toerusting vir jihadistiese terreuroperasies en asimmetriese straatgevegte" is. (*Independent Institute*, 30 Aug. 2021). Amerika het oornag een van die mees welvoorsiene, swaar gewapende terroristiese nasies in die wêreld geskep.

Hanson het hierdie opbrengs van krygstoerusting vergelyk met die militêre hulp wat Amerika die afgelope 70 jaar aan Israel gegee het, wat ongeveer $100 miljard beloop het. "Met ander woorde, in een slag het die pentagon ongeveer 80 persent van al die militêre hulp wat ons nog ooit aan Israel gegee het sedert die stigting van die Joodse staat, in Taliban-hande gedeponeer" (ibid).

Wat 'n rampsalige daad deur die Amerikaanse "supermoondheid"! Dit is net so skandelik soos enigiets wat Amerika nog ooit gedoen het. Hierdie ramp was die *ergste bewys ooit* van hoe die Verenigde State as 'n supermoontheid ineengestort het! Ander nasies regoor die wêreld kan dit duidelik sien. Hulle trek voordeel hieruit en maak gereed om Amerikaanse oorheersing met hul eie te vervang.

Baie mense het gesê dat hierdie katastrofe Joe Biden se onbevoegdheid bewys het. Maar dit was nie die gevolg van brouwerk en slegte oordeel nie. Dit was deel van 'n opsetlike, beplande poging om amerika te vernietig. En dit was ontsettend suksesvol.

Die feite is onweerlegbaar. Baie mense sien die skade wat President Biden doen. Die ontleders wat die helderste kan sien erken die aaklige waarskynlikheid dat daar kwaadwillige opset daaragter moet wees. Die voormalige oorlogskorrespondent Lara Logan het aan *Fox News* gesê dat hierdie administrasie wil hê dat u moet glo "dat Afghanistan ingewikkeld is," maar in werklikheid, "*wil* die Verenigde State hierdie resultaat hê." Sy het gesê die leiers van Amerika "kan enigeiets doen wat hulle wil om dit te verander. En hulle doen dit nie "(18 Augustus 2021).

Sy is heeltemal reg. Hierdie aksies kan regtig op geen ander manier verklaar word nie. Dit was nie net die resultaat van onbekwaamheid van hierdie administrasie of naïwiteit oor hoe die wêreld regtig werk nie. Dit was die nagevolge van 'n berekende, aggressiewe, sataniese aanval wat daarop gemik was om die nasies van Israel te verswak en uiteindelik te vernietig, beginnend met die magtigste nasie van die wêreld.

Dit is bewys deur die manier waarop al die burgerlike en militêre leiers in Joe Biden se administrasie die ontruiming 'n geweldige *sukses* genoem het! Hulle het herhaaldelik gesê dat alles volgens plan verloop het, en dat dit 'n "heldhaftige en historiese" operasie was. Verslaggewers het hulle gedruk of hulle voel dat hulle enige foute begaan het, en die antwoord—telke male—was NEE! Dit bewys net hoe arrogant en ondeurdringbaar vir korreksie hierdie leiers is. Maar nog meer as dit—dit bewys aan u dat hulle beplan het vir hierdie operasie om so rampspoedig uit te werk. Dit het alles gevolg op hul plan—tot Amerika se groot skade.

Dit is Antiochus-denke. Dit is "uitwissing van die naam van Israel" tipe denke. Dit is geïnspireer deur die duiwel wat werk om Amerika af te breek. Dit het so duidelik geword dat *enige iemand* hom behoort te verstaan en die krisis wat hy veroorsaak.

## Die Obama-jare

Toe Amerika aangekondig het dat hulle Afghanistan teen 31 Augustus 2021 sou verlaat, het die Taliban die land blitsvinnig begin oorneem. Bronne het gesê die offensief is gelei deur Khairullah Khairkhwa, 'n jihadis wat lank daarop uit was om Amerika se teenwoordigheid in Afghanistan uit te skakel. Hy het Biden se Withuis belowe dat as die VSA al hulle troepe verwyder, die Taliban nie sou aanval nie. Hy het die hoof Taliban-onderhandelaar geword wat met die Biden-administrasie te doen het.

Die feit dat Biden se span bereid was om met hierdie man te praat, is laakbaar. Dit blyk dat Amerika hom goed geken het. Hy was gevange geneem en in Guantanamobaai opgesluit gewees. "Molla Khairkhwa het voorheen as die Taliban se minister van binnelandse sake in Afghanistan gedien, waar hy toesig gehou het oor wrede Islamitiese straf toediening, insluitend onthoofding en stenigings," het die *New York Post* berig. "Na 9/11 is hy in Pakistan gearresteer en in 2002 na Gitmo gestuur. Die Pentagon het hom daarvan beskuldig dat hy noue assosiasie met Osama bin Laden en bin Laden se Al-Kaïda-handlangers gehad het" (16 Aug. 2021). Khairkhwa en vier ander hooggeplaaste Taliban-terroriste sou lewenslange gevangenes daar gewees het. Die Pentagon het hulle die "hardste van die radikale" onder Guantanamo-gevangenes genoem.

Maar hierdie vyf mans is vrygelaat—deur Barack Obama. Hy laat hulle in 2014 gaan in ruil vir die Amerikaanse leër droster Bowe Bergdahl

Hierdie stap het geblyk dodelik te wees. Die oomblik toe Khairkhwa vrygelaat is, het hy teruggegaan na sy terreur aktiwiteite. En in die terugtrekking uit Afghanistan het hy gehelp om Amerika 'n verpletterende slag toe te dien!

Tog het Mnr. Obama—deur die Biden-administrasie—*hierdie man as 'n betroubare onderhandelingsvennoot behandel.* Dit is VERRADERLIK!

Dit het ook die ramp in Afghanistan direk met Barack Obama verbind

Die meeste mense kyk net na die oppervlak. Al die blaam en woede oor die Afghanistan-fiasko is op Joe Biden gerig. Mense kon nie die groter prentjie sien nie. Ek glo dat Barack Obama dit *opsetlik so bedoel* het dat Biden onder skoot sou kom vir wat gebeur het. Alles het volmaak in plek geval om sy begeertes te vervolmaak: Amerika het teruggetrek en hulself as 'n uitgeputte mag bewys; Islamiete het beheer oor Afghanistan oorgeneem en opgang gemaak in die Midde-Ooste. Joe Biden het die val vir dit alles geneem. En Obama was vry om sy werk voort te sit.

Hierdie is *net een* voorbeeld van hoe soveel van die saadjies vir die Afghanistan-ramp gesaai is toe Biden *vise*-President en die President Barack Obama was.

Vir agt jaar het Obama 'n verraderlike anti-Amerikaanse, anti-Israel, pro-Iran, pro-Moslem beleid nagestreef. In Egipte, nadat daardie nasie vir 30 jaar vrede met Israel gehad het, het Obama gehelp om Hosni Mubarak uit uit sy amp te skop ten gunste van die Moslem Broederskap, en hy het homself nie veroorloof om iets te sê teen Mohamed Morsi wat homself in wese tot farao van Egipte verklaar het asook 'n bitter vyand van die Joodse nasie nie. Obama het toegelaat dat 'n Amerikaanse buitepos in Benghazi, Libië, deur jihadiste oorval word, en 'n Amerikaanse ambassadeur en drie ander Amerikaners is dood en het tevergeefs gewag vir hulp wat nooit opgedaag het nie; steeds het Obama dit nie as rede tot kommer beskou nie. Hy het nie daarin geslaag om sy eie eise op Sirië, wat met sy heksebrousel van wapens van massavernietiging Amerika se krag ondermyn en 'n moorddadige diktator in plek gelaat het, af te dwing nie.

Die belangrikste is dat hy die mees ekstremistiese elemente binne-in die wêreld se nommer een staatsborg van terreur, Iran, bemagtig het. In 2011 het hy sy rug gedraai op Iran se mense wat opgestaan het in protes teen hul tiranniese leiers. En terwyl daardie regime besig was om onder ekonomiese sanksies te kwyn, het Obama vir hulle 'n reddingstou gegooi: Hy het die rampspoedige kernkragooreenkoms geskryf wat die mollas miljoene kontant gegee het en 'n duidelike pad om kernwapens te bou.

Slegs dae voor die ooreenkoms onderteken is, het Iran se President saam met 'n groot skare Irannese betogers geloop wat plakkate met "Dood aan Israel" en "Dood aan Amerika"- daarop geskryf, omhoog gehou het. Dit alleen moes die feit uitbasuin dat die Westerse wêreld—veral Amerika—deur daardie ooreenkoms verneder is.

Mnr. Obama se steun vir die Iranese regime kan nie logies verklaar word nie. So 'n katastrofiese beleid kan slegs verstaan word in die konteks van die *sataniese misleiding* wat hierdie hele wêreld omhul (Openbaring 12:9).

Donald Trump het Amerika uit daardie rampspoedige ooreenkoms getrek. Vir vier jaar het hy gewerk om Iran in bedwang te hou en Israel se verdediging te ondersteun. Maar toe Joe Biden die amp aanvaar het, het hy vinnig gemaak om onderhandelinge te hervat om 'n nuwe ooreenkoms met Iran te maak oor kerntegnologie. Hy het dieselfde bereidwilligheid getoon om laakbare toegewings toe te staan, deur die terroristestaat onbelemmerde toegang tot meer as $100 miljard se bates te gee, en om 'n duidelike weg vir hulle te baan sodat hulle wettiglik kernwapens kan nastreef.

Dit is waansin! Iran se hoogste leier glo dat deur 'n kernkrag opskudding te veroorsaak dit aanleiding sal gee tot die koms van sy weergawe van die Messias. Geen ander kernbewapende land dink so nie. Dit maak kernoorlog onvermydelik!

Niks kon die duiwel meer behaag nie! "[D]die ou slang, genoem die Duiwel, en Satan, wat die hele wêreld verlei" het sy vingerafdrukke oor al hierdie verwikkelinge. Hy haat die mensdom hartstogtelik en hou daarvan om die dood van miljoene, selfs biljoene te veroorsaak!

As jy twyfel dat dit oor menslike oorlewing gaan, praat maar met die Joodse nasie wat Iran herhaaldelik sê hy van die wil kaart afvee. Israel glo sy voortbestaan berus daarop of Iran 'n kernbom kry of nie!

## Anti-Israelisme

Die Obama-administrasie het op baie maniere getoon dat hulle nie van die Jode hou nie. Israeliese leiers het dit erken. Hulle *moes* gevra het hoekom daardie administrasie soveel vyandigheid teen hulle koester. Hulle verstaan nie—en selfs die mense wat daardie bitter gevoel teenoor hulle het, verstaan dikwels nie hoekom hulle eie haat so diep is nie.

In Januarie 2013 het President Obama Chuck Hagel as sekretaris van verdediging genomineer. Hierdie man het homself gereeld uitgespreek teen Israel en was *vir* die Palestyne, terroriste en Iran. Hy het *daarteen* gestem om sanksies teen Iran in te stel wat kernwapens nastreef. Hy het geweier om 'n brief te onderteken waarin die Europese Unie gevra word om Hezbollah as 'n terreurorganisasie te merk. Hy het Israel beskuldig van "walglike slagting" en "die sistematiese vernietiging van 'n Amerikaanse vriend: die land en mense van Libanon." Hy het die "Saoedi-vredesinisiatief" ondersteun wat vra dat Israel die Golanhoogtes, die Wesoewer en dele van Jerusalem, insluitend die Joodse Kwartier, moet verbeur.

Waarom sou President Obama hierdie man sekretaris van verdediging wil maak? Hier is die joernalis Melanie Phillips se diepgaande antwoord: "Wat is dus die faktor wat Obama na die Weste se somber buitelandse beleidstafel bring, soos geïllustreer deur hierdie werklik ysingwekkende keuses? *Kwaadwilligheid*. Teen die Weste, asook teen die antieke beskawing wat in die hart van sy morele kodes lê" (22 Des. 2012).

Wat is die antieke beskawing wat die kern van Amerika se morele kodes inhou? *Sy praat van Joods-Christelike geskiedenis—en die moraliteit van* die Bybel. Dit begin nou om by die kernrede uit te kom waarom hierdie afgryslike besluite geneem word. Die Obama Antiochus-doelwit is om die naam van Israel "uit te wis"! Phillips was heeltemal reg deur te sê dat Obama daardie beskawing—tesame met hulle morele wet—met kwaadwilligheid bejeën.

Caroline Glick het geskryf: "Obama wil Israel seermaak. Hy hou nie van Israel nie. Hy stel anti-Israel-adviseurs en kabinetslede aan, nie *ten spyte* van hul anti-Israel-posisies nie, maar *as gevolg* van hulle. … Obama wil die VSA verhouding met Israel fundamenteel verander. … [D]die mees dringende orde van sake vir die Israeli's is om op te hou om onsself te bedrieg deur te dink dat onder Obama die VSA vertrou kan word" (*FrontPage Magazine*, 17 Des. 2012).

Jesus Christus het gepraat van "die tye van die Heidene" (Luk. 21:24)—die hoogtepunt van die val van die Israelitiese nasies en die opgang van die Heidense magte in die Groot Verdrukking. Op 'n manier het Barack Obama die tye van die Heidene in Amerika ingebring en die Heidene in staat gestel om verskriklike probleme vir die hele wêreld te veroorsaak!

Nog nooit het Amerika so 'n meedoënlose buitelandse beleid vir ons grootste bondgenoot in die Midde-Ooste opgestel/voorgeskryf nie. Hoe kan 'n mens dit verduidelik? 'n Dieper historiese blik in Antiochus se lewe gee meer insig.

## Antiochus se Oorlog Teen Israel

In 168 v.C. het Antiochus die Jode se tempel in Jerusalem geplunder en ontheilig. Josephus het opgeteken dat Antiochus "na Jerusalem opgekom het en, terwyl hy vrede voorgegee het, het hy die stad in besit geneem deur verraad; vanweë die rykdom wat in die tempel gelê het; het hy op daardie tydstip nie eens dié gespaar wat hom hiertoe instaat gestel het nie, maar, gelei deur sy gierigheid, (want hy het gesien dat daar baie goud en ornamente was wat aan die tempel toegewy was), het hy ten einde die rykdom daarvan te kon plunder, onderneem om die verbond wat hy gemaak het te verbreek. Hy het die tempel totaal gestroop gelaat en die goue kandelare, die goue reukaltaar, die toonbroodtafel en die brandofferaltaar weggeneem; en hy het homself nie daarvan weerhou om selfs die voorhangsel, wat van fyn linne en skarlakenrooi weefstof gemaak was te vat nie. Hy het dit ook van sy geheime skatte leeggemaak en hoegenaamd niks laat oorbly nie; en op dié manier die Jode in 'n klaaglike toestand gedompel, want hy het hulle verbied om daardie daaglikse offers te bring wat hulle gewoonlik volgens die wet aan God gebring het."

Antiochus wou daardie godsdiens uitwis! U kan uself *voorstel* hoe dit die Jode emosioneel en geestelik sou breek! Nadat hy die tempel leeggemaak het, het Antiochus dit weer as 'n heiligdom aan Zeus toegewy, 'n nuwe altaar gebou oor die een wat hy vernietig het, en in die plek van die daaglikse offer het hy beveel dat varke geoffer moes word. Dit was 'n gruwelike belediging vir God en die Jode. Dít het Antiochus erger gemaak as enige vorige koning of keiser wat Jerusalem aangeval het. Hy het die tempel ontheilig en God en sy mense beledig wie se lewens daaraan verbonde was om God volgens sy wet te aanbid. Maar selfs dit was net die begin!

Antiochus het sy soldate beveel om diegene wat hulle raakgeloop en almal wat in hul huise geskuil het, dood te maak. Babas, bejaardes, vroue en kinders—enige mens, almal wat die soldate kon vind, is brutaal vermoor. Die apokriewe boek van 2 Makkabeërs teken aan dat in drie dae 40 000 mense vermoor en nog 40 000 in slawerny weggeneem is!

Nadat hy Jerusalem verlaat het, het Antiochus begin dink aan 'n "finale oplossing" vir die hantering van die Jode. Dié term is deur die Nazi's gebruik om die Jodeslagting in die Tweede Wêreldoorlog te beskryf. Hulle finale oplossing was om al die Jode wat hulle kon, dood te maak, en teen die einde van daardie oorlog is 6 miljoen Jode vermoor. Sowat 60 miljoen mense het altesaam in daardie oorlog omgekom weens 'n Satan-besete Antiochus—Adolf Hitler!

Voorheen was Antiochus se finale oplossing net so boos, indien nie erger nie. Hy het geweet dat hy nie die Joodse volk heeltemal kon uitroei nie, alhoewel hy beslis baie doodgemaak het. In plaas daarvan was sy finale oplossing om die *geloof* van Israel uit te roei. Hy het probeer om dit van die aarde af uit te wis!

"Deurgaans die onstuimige veranderinge van hulle geskiedenis," het Werner Keller in *The Bible as History* geskryf, "is Israel niks gespaar van die gruwelikheid en skande wat 'n nasie kon tref nie. Maar nog nooit tevore nie, nie onder die Assiriërs of onder die Babiloniërs, het dit so 'n verpletterende slag gekry soos die bevel wat deur Antiochus Epifanes uitgereik is *waardeur hy gehoop het om die geloof van Israel te verbrysel en te verdelg nie."*

Antiochus het dit verpligtelik gemaak dat alle Jode tot heiden gemaak. Die *Anchor Bible* sê hy het probeer om sy helleniseringsbeleid op die Jode af te dwing, selfs tot die mate dat hy hulle en hul godsdiens heeltemal *uitgedelg* het. Geen ou koning het nog ooit so iets probeer doen nie.

Antiochus se haat was alles behalwe normaal. Antiochus was 'n werktuig in Satan se hande, net soos die moderne Antiochus in hierdie eindtyd is. Die duiwel haat die Jode, want God het hulle sy septervolk gemaak (Genesis 49:10). Satan haat Israel en God se plan. Antiochus het die Jode gehaat omdat Satan so naby aan hom was, en hy aan Satan.

Vandag is daardie haat verhoog. Daar is werklik 'n wese wat hierdie wêreld regeer, en as hy genoeg mag oor die mense kan kry, ontwikkel hulle rasende haat vir *enigiets* wat met die ware God verband hou!

Daniël 11:22 in die *Moffatt*-vertaling lees: "Die teëstanders sal voor hom uitgevee en verpletter word, en so ook God se hoëpriester." Antiochus het so ver gegaan as om die Joodse hoëpriester, Onias III te vermoor, in 172 v.C.

Heersers voor Antiochus het die Jode tipies goed behandel. Antiochus was meedoënloos teenoor hulle op 'n manier wat sy voorgangers nog nooit was nie (vers 24). En dit is slegs 'n voorsmaak van die verdrukking wat oor drie nasies van Israel kom in hierdie eindtyd!

Vers 30 sê Antiochus het bedrieglik opgetree teenoor sekere mense *binne* die tempel. Ons het dit in God se Kerk gesien gebeur. Hierdie man het 'n paar mense "binne-in die tempel" gevind wat God sou verraai, en hy het hulle sy bondgenote gemaak en "sy toorn openbaar teen die heilige verbond" gemaak.

Die "ontsettende gruwel" in vers 31 is 'n *leër* wat Jerusalem verpletter. Dit ontheilig die heilige plek en neem die daaglikse offer weg (sien ook Daniël 8:11, 24). Dit het gebeur in 167 v.C. Tradisie sê Antiochus het 'n standbeeld van Jupiter Olympus in die Allerheiligste gebou—die heiligste plek binne die tempel.

Volgens George Rawlinson is die Jode "tot desperaatheid gedryf deur die kranksinnige projek van hierdie eiesinnige monarg," vertel hy van Antiochus. In 'n sekere sin gebeur dit vandag in 'n mate met die Joodse Staat Israel.

## Uitwissing van Israel

Weereens, 2 Konings 14:26-27 onthul die *werklike doel* van wat Barack Obama deur die Biden-administrasie gedoen het en steeds mee besig is: om "die naam van Israel onder die hemel sou uitdelg nie." Dit kom tot die waarheid op 'n manier wat niemand anders kan herken nie. "Onder die hemel" beteken die hele aarde! Dit is die omvang van hulle uitwissing van die naam van Israel. Alles gebeur op 'n manier wat maksimum verwoesting vir die hedendaagse nasies van Israel veroorsaak. En die enigste ding om dit te voorkom is *God se ingryping*.

Die ware meesterbrein is Satan die duiwel. Hy is die een wat "wat die aarde laat sidder het"! (Jesaja 14:16). 'n Mens kon NIE hierdie gebeure beplan om sodoende sulke grootskaalse verwoesting aan te rig nie. Die duiwel is egter buitengewoon slu en vaardig in sabotasie en vernietiging.

Efésiërs 2:2 noem Satan "die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk". Ja, hierdie bose gees werk in mense! Hy is in staat om mense se denke en emosies te beïnvloed. Hoe meer mense hulle deur hom laat beïnvloed, hoe meer krag het hulle om verskriklike dinge te doen!

Kan u die Afghanistan-ramp herken as die aardskuddende gebeurtenis wat dit was? Kan u sien hoe rampspoedig soveel van die aksies wat hierdie administrasie neem—hoe verskriklik verwoestend dit vir Amerika en die wêreld is?

Dit behoort ons almal tot in ons siel te skud en ons te laat erken dat God Amerika vervloek!

Dit word uiteindelik nie deur 'n slegte president veroorsaak nie. Dit word nie eers veroorsaak deur die boosheid van die radikale linkses nie. Dit word veroorsaak deur God wat ons vervloek vir die sonde van die hele nasie. Ons almal moet ons in bekering tot God draai! Ons as volk is ongehoorsaam aan God en staar die skrikwekkende gevolge in die gesig. En omdat ons weier om dit te erken, gaan hierdie ellendige gebeure veel erger word voordat dit verby is.

God het Amerika ongeëwenaarde seëninge gegee, en Hy wil voortgaan om ons te seën. Maar Hy kan dit nie doen terwyl ons in opstand teen Hom leef nie. Hy korrigeer ons—soos 'n vader wat sy kinders liefhet (bv. Hebreërs 12:5-7).

En 2 Konings 14:27 dui aan dat, selfs al versuim ons om kollektief te bekeer, in Sy genade, God sal verseker dat die naam van Israel nie UITGEDELG word nie! Hy gaan Amerika red, net soos Hy ons voorvaders gered het, "deur Jeróbeam"—tydelik.

Die Bybel verskaf die sleutels om hierdie andersins onverstaanbare gebeure te kan begryp. Soos Amos 3:7 sê: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie." God verduidelik al hierdie waarhede sodat ons kan herken wat besig is om te gebeur, ag te slaan op Sy waarskuwings, en ons van ons sondes kan bekeer! Hy gee ook die uiteensetting van waarheen hierdie gebeure sal lei sodat ons God se hand kan sien in wat gebeur soos gebeure volgens Sy profesieë ontvou.

Elke Amerikaner moet dit herken en daarop reageer! Ongeag wat nasionaal gebeur, God geeu die krag en die keuse om dit as 'n individu te doen.

*Word vervolg ...*